# S A STAMBOEK AS REGISTRERENDE OWERHEID EN DIERE-AANTEKENING DIENSVERSKAFFER.

7 November 2013

Die Diereverbeteringswet 1998 (Wet 62 van 1998), bepaal onder andere die volgende:

Definisie van Ras: “ras” is ‘n populasie van diere wat ‘n nageslag voortbring wat oor ‘n hoë graad van genetiese stabiliteit beskik soos blyk uit identifiseerbare eenvormigheid in rasstandaarde en – prestasie.

Voordat ‘n ras dus in Suid-Afrika aanvaar word as ‘n volwaardige ras (‘n nuwe ras ingevoer word of ‘n nuwe ras wat hier ontwikkel word), moet daar by die Registrateur van Diereverbetering aansoek gedoen word daarvoor en is ‘n ras eers ‘n “Ras” nadat dit as sulks deur die Registrateur verklaar en in die Staatskoerant afgekondig is.

Rasse word onder verskillende kategorieë verklaar. So maak die Wet byvoorbeeld voorsiening vir die verklaring van ‘n Ras as ‘n Landras. Dit is inheemse rasse of rasse wat in Suid-Afrika ontwikkel is en eie aan Suid-Afrika is.

Die Wet bepaal dat geen Genetiese materiaal vir teeldoeleindes ingevoer mag word, sonder ‘n invoerpermit van die Registrateur nie. Verder bepaal die Wet dat ‘n dier van ‘n Landras, ook nie uitgevoer mag word sonder ‘n uitvoerpermit van die registrateur nie.

Die Diereverbeteringswet se primêre doel is om die stoetbedryf en in- en uitvoere van genetiese materiaal so te orden dat die suiwerheid van rasse en hul genetiese verbetering verseker word.

Hierin bepaal die Wet onder andere, die volgende entiteite:

- Ras
- Teler
- Telersgenootskap
- Registrerende Owerheid
- Diensverskaffer

<u>Ras:</u> (Reeds bespreek)

<u>Teler se Telersgenootskap:</u> Die Wet bepaal dat, wanneer dit beplan word om ‘n Telersgenootskap vir ‘n nuut verklaarde ras te stig, minstens sewe telers aansoek moet doen by die Registrateur vir die stigting.

Die Wet bepaal verder dat daar slegs een Telersgenootskap per ras mag wees.

<u>Registrerende Owerheid:</u> Die Wet bepaal dat slegs ‘n geregistreerde Registrerende Owerheid ‘n amptelike stamboom mag uitreik en dus diere kan registreer.
‘n Telersgenootskap kan aansoek doen om as Registrerende Owerheid ook te registreer en dan self sy registrasies te doen (m.a.w. al die werk wat Stamboek vir ‘n Genootskap se telers doen, self te doen). Dit sal beteken dat die Telersgenootskap moet kan bewys dat hy oor die nodige stelsels en infrastruktuur beskik wat aan internasionale standaarde voldoen, om die werk self te kan doen.

‘n Telersgenootskap moet dus besluit om ó f self die registrasiewerk te doen soos genoem, óf om ‘n geregistreerde Registrerende Owerheid aan te stel om die werk vir hulle te doen.

So het die Braunvieh SA Telersgenootskap besluit om S A Stamboek aan te stel om hul aantekeningswerk vir hulle te doen.

Die Wet verklaar in Art. 29(3)(a) dat S A Stamboek ‘n geregistreerde Registrerende Owerheid is met al die bevoegdhede van ‘n Registrerende Owerheid. Tewens, Stamboek is juis dit sedert 1905.

Daar mag ook slegs een Registrerende Owerheid per Telersgenootskap wees.

As Diere-aantekeningsdiensverskaffer lewer Stamboek Registrasie- en Produksiemeting dienste aan sy lede.

Stamboek se lede is die Telersgenootskappe. Die lede van die Telersgenootskappe (telers), is deelnemers aan Stamboek se dienste.

Stamboek lewer deur sy houermaatskappy, Stemma Animalia, ook ander dienste wat nie deel van sy kernbesigheid is nie soos byvoorbeeld die Sekretariaatsdiens.

Van die 73 Telersgenootskappe in Suid-Afrika, is 64 lede van S A Stamboek. Van hierdie 64 lede, maak 27 tans van die Sekretariaatsdiens gebruik. Of ‘n Telersgenootskap van die Sekretariaat vir sy eie Genootskapsadministrasie, bemarking ens. gebruik maak en of sy kantoor êrens elders is, maak geen verskil aan die verhouding tussen Stamboek en die betrokke Genootskap nie.

Elke Telersgenootskap het sy eie identiteit en kultuur waarby Stamboek nie inmeng nie. Dienste van Stamboek en dié van die Telersgenootskappe is duidelik geskei en beide is noodsaaklik vir die effektiewe bestuur van stoetteling en die lewering van dienste aan telers.

Lede het eienaarskap van Stamboek en het proporsionele stemreg en dus volle inspraak in Stamboek se dienste.

Stamboek se begroting en fooie word jaarliks op ‘n spesiale algemene begrotingsvergadering deur sy lede, telers, goedgekeur.